## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

**No. 486** **16 Maart 1984**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE OU NZASM-STASIEGEBOU IN GEORGE NORTONSTRAAT, KRUGERSDORP

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Ou NZASM-stasiegebou met drie meter grond daaromheen, geleë op Gedeelte 7 van die plaas Luipaardsvlei 246 IQ, Transvaal, soos hieronder beskryf, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die Ou NZASM-stasiegebou met drie meter grond daaromheen geleë op sekere gedeelte van die gedeelte van die vrypagplaas Luipaardsvlei 8, geleë in die distrik Krugersdorp, getransporteer aan Pieter Gabriel van de Venter by Transportakte gedateer 10 Desember 1866 (nou bekend as Gedeelte 7 van die plaas Luipaardsvlei 246, Registrasieafdeling IQ, Transvaal), groot elf (11) morg vierhonderd-en-een (401) vierkante roede.

Transportakte 6353/1929, gedateer 3 Junie 1929 (paragraaf 1).

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie spoorwegstasiegebou met sy ryklik versierde gewel is in 1896 vir die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij voltooi. Dit is een van slegs 'n paar spogstasiegeboue wat vir die NZASM opgerig is en 'n belangrike skakel met die Transvaalse spoorwegstelsel van die negentiende eeu. 10/2/1085.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

**No. 486** **16 March 1984**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE OLD NZASM STATION BUILDING IN GEORGE NORTON STREET, KRUGERSDORP

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the Old NZASM Station Building with three metres of surrounding land, situated on Portion 7 of the farm Luipaardsvlei 246 IQ, Transvaal, as described below, to be a national monument.

*Description*

The Old NZASM Station Building with three metres of surrounding land, situated on certain portion of that portion of the freehold farm Luipaardsvlei 8, situate in the District of Krugersdorp, which was transferred to Pieter Gabriel van de Venter by Deed of Transfer dated 10 December 1866 (now known as Portion 7 of the farm Luipaardsvlei 246, Registration Division IQ, Transvaal), in extent eleven (11) morgen four hundred and one (401) Square roods.

Deed of Transfer 6353/1929, dated 3 June 1929 (paragraph 1).

*Historical and architectural interest*

This railway station building with its richly decorated gable was completed in 1896 for the Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij. It is one of only a few elegant station buildings erected for the NZASM and is an important link with the Transvaal railway system of the nineteenth century. 10/2/1085.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.